

**12 Mei**

**Skrifgedeelte: Titus 3:1-11 (NAV)**

**Fokusgedeelte: Titus 3:8**

### **Kinders van God is gered om goeie werke te doen**

Hoeveel goeie werke het jy die afgelope week gedoen? Ons lê soveel klem daarop dat goeie werke ons nie kan red nie, dat ons vergeet dat die Skrif ons beveel om goeie werke te doen! Dis die rede waarvoor ons geskep is (Ef 2:8-10)!

Die Heilige Gees maak dit baie duidelik dat dit die goedheid van God en sy liefde vir die mens is wat ons gered het en niks anders nie. Wat die geskenk van die “ewige lewe” betref, speel goeie werke geen rol nie.

Dit is belangrik dat ons die volle raad van God hoor! Paulus skryf in Titus 3:8 “Die Woord is betroubaar ... “ Letterlik staan hier dat Paulus wil hê dat Titus hierdie dinge konstant benadruk, naamlik dat diegene wat in God glo, sal konsentreer om leiding te neem in die goeie en voordelige dinge voor mense. Baie klem word daarop gelê dat goeie werke nie iets is wat vanself kom nie en daarom is Titus 3:14 in ‘n bevelsvorm: “Ons mense moet ook leer om vir die noodsaaklike behoeftes goeie werke voor te staan...”

Goeie werke is nie die sporadiese “goeie daad vir die dag” nie, maar dui op alle eerbare werk wat ‘n kind van God gedurende sy/haar hele lewe vir die Here doen. Lees 1 Korintiërs 10:31! Hierdie goeie werke geskied in die openbaar (Matt 5:14-16) sowel as in die geheim.(Matt 6:1-4)

Ons God is so goed dat Hy boonop hierdie werk wat in dankbare gehoorsaamheid gedoen is, gaan beloon as ons Here Jesus kom! Lees meer hieroor in 1 Korintiërs 3:10-15 en Openbaring 22:12.

*Sing: Psalm 89:6 Ds HJ Prinsloo (Derdepoort)*